Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

30 April 2026
**NUUSBRIEF 15/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskool Sport:** Ons laerskoolspelers het 'n rustige week agter die rug, maar gaan volgende week lekker besig wees! Hulle speel twee keer op Robertson – Dinsdag EN Donderdag. Sien Aktiwiteite later in die brief.

2. **Hoërskool Sport:** Na 'n baie besige begin van die seisoen het dit bietjie rustiger geraak. Ons het gister teen Ashton Sekondêr gespeel en skoonskip gemaak. Dit is mooi om te sien hoe die Bonnies se dissipline op die baan en veld 'n verskil maak. Mooi so. Ons is trots op julle!

3. **Wintersdrag:** Ons was tans in 'n oorgangsfase wat kleredrag betref. Leerders wat maklik koud kry kon reeds hul wintersdrag aantrek, terwyl die res steeds kon voortgaan met hul somersdrag. Op Maandag, **4 Mei,** sal ons amptelik oorgaan na volledige wintersdrag en dan moet al die Bonnies korrek geklee wees. Let asb. daarop dat komberse nie deel van die skooldrag uitmaak nie, en dat leerders dit nie skool toe moet bring nie. Ons het wel 'n vergunning tydens die Junie-eksamen waar leerders 'n kombersie kan gebruik terwyl hulle leer.

4. **Matrieksertifikate 2025:** Daar is nog amptelike NSS-sertifikate van ons Matrieks van 2025 in die kantoor wat afgehaal kan word. Kandidate MOET asb. 'n ID-bewys kan toon voordat die sertifikaat oorhandig mag word.

5. **Mnr. & Mej. HSB:** Kaartjieverkope is nou oop! Kom ondersteun ons finaliste by Mnr. & Mej. HSB 2026 – 'n aand vol styl, kultuur en talent. Kaartjies is beskikbaar elke tweede pouse in Juffrou Landman se klas.

   **Datum:** 20 Mei 2026
   **Prys:** Enkel - R40 (kaartjie)
   Combo - R60 (kaartjie, hamburger en koeldrank)

6. **Akademie:** Ons vra graag ons ouers se ondersteuning om u kind te help motiveer om goed voor te berei vir die komende eksamen. Daar is nog net **4 weke** oor voordat leerders begin skryf. Dit is belangrik dat hulle deurgaans werk aan veral die vakke waarin hulle minder goed presteer. Eksamens is dikwels moeiliker as toetsreekse aangesien meer werk getoets word. Leerders kan sorg dat hulle gereed is daarvoor indien hulle nou reeds begin om stukke werk te bemeester. Leerders kan gerus die langnaweek wat voorlê benut en solank begin om belangrike werk vas te lê. Ons Graad 12's skryf hierdie eksamen departementele vraestelle.

7. Ons wil graag **BAIE DANKIE** sê aan al ons ouers wat agter die skerms werk op verskeie plekke en maniere. Dit is lekker om positiewe ouers in ons span te hê. Ons sien dit raak en waardeer dit baie. Daar is altyd hulp nodig, en al kan u nie iets groots doen nie, of baie tyd afstaan nie, is elke bietjie hulp waardevol. Raak asb. betrokke in u klasgroep. As almal 'n klein bietjie doen, kan ons groot dinge vermag!

hsbonnievale.co.za
023 616 2160 060 546 5247 admin@hsbonnievale.co.za
Bonnies

**8. Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 1 Mei | Werkersdag (Vakansiedag) |
| Di. 5 Mei | LS Sport vs LS Robertson (weg) |
| Wo.6 Mei | Juf Chameron Mathys verjaar |
| Do. 7 Mei | LS Sport vs LS Dagbreek (weg)<br>HS Netbal vs HS Hexvallei (weg) |
| Vr. 8 Mei | Wilna Baatjies verjaar |
| Sa. 9 Mei | HS Sport vs HS Bredasdorp (weg) |
| Wo. 13 Mei | HS Netbal vs HS Robertson (tuis) |
| Sa. 16 Mei | LS Montagu Sportdag |
| Wo. 20 Mei | HS Sport vs Swellendam Sekondêr (weg) |
| Vr. 22 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.7 – O.9) |
| Sa. 23 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.10 – O.13)<br>HS Sport vs Montana (weg) |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**"As jy weet jy kan beter doen, DOEN dit dan!"**

Hoërskool Bonnievale

Rugby- en Netbaluitslae

# Ashton Sekondêr - 29 April 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| o.14A | 29 | 22 | W |
| o.15A | 27 | 3 | W |
| o.16A | 25 | 11 | W |
| o.17 | 23 | 17 | W |
| o.19A | 36 | 19 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| o.15 | 39 | 10 | W |
| o.17 | 17 | 10 | W |
| o.19 | 24 | 17 | W |